Bib... 43/85

Saak nr 367/83.
M C

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen

JOSEPH SENGWANE ........... Appellant

- en -

DIE STAAT ........... Respondent

Coram: JANSEN Wnd HR *et* NICHOLAS AR, VIVIER Wnd AR.

Verhoor: 22 Maart 1985.

Gelewer: 29 Maart 1985.

---

U I T S P R A A K

---

VIVIER / ......

VIVIER WND AR:-

Die appellant het saam met twee ander, na wie ek as beskuldigdes 2 en 3 onderskeidelik sal verwys, in die streekhof op Roodepoort tereggestaan op 'n aanklag van roof. Die Staat het beweer dat hulle op 1 Junie 1982 en in Roodepoort vir ene Maria Phuri van tjeks en kontant ter waarde van R6377,84 waarmee sy op pad na die bank was, beroof het. Beskuldigde 3 is vrygespreek, maar die appel= lant en beskuldigde 2 is skuldig bevind en is elk tot vyf jaar gevangenisstraf gevonnis. Hulle appèl teen die skuldigbevinding na die Transvaalse Provinsiale Afdeling het misluk, en met die nodige verlof appelleer die appellant nou na hierdie Hof teen die skuldigbevinding.

Die feite wat ter sake is tot die enigste geskil= punt in die saak, naamlik die identiteit van die appellant

as een van die rowers, is die volgende. Om ongeveer 3 nm op die betrokke dag was Maria Phuri saam met 'n vriendin, Anna Mnsisi, op pad na die bank met haar werkgewers se geld wat sy in 'n geldsakkie gedra het. Op 'n oop stuk grond wat reg voor die bank aan die oorkant van die straat geleë is, het twee persone die twee vroue genader. Volgens Maria Phuri het een, wat sy as beskuldigde 2 uitgeken het, haar in die gesig geklap, rooipeper in haar oë gegooi, die geldsak gegryp en dit na 'n worsteling van haar afgeneem. Die ander een, wat sy nie kon uitken nie, het terselfdertyd vir Anna vasgehou. Daarna het die twee rowers saam weggehardloop.

Anna Mnsisi het Maria se getuienis bevestig dat beskuldigde 2 vir Maria in die gesig geklap, peper in haar oë gegooi en die geldsak van haar afgeneem het na 'n worsteling. Anna het getuig dat sy probeer weghardloop het, maar dat beskuldigde 2 se maat, wat sy as die appellant uitgeken het, agter haar aangehardloop en haar voorgekeer het deur haar met 'n mes, wat hy omhoog in 'n steekposisie gehou het, te dreig. Anna het verder getuig dat nadat beskuldigde 2 die geldsak van Maria afgeneem het, hy vir die appellant gefluit het en dat die twee saam weggehardloop het. Sy het geeneen van die twee aanvallers vantevore gesien nie. Sy het 'n nou=keurige beskrywing van die tipe en kleur van die appellant se kleredrag gegee.

Simon / ........

Simon Mahlangu het getuig dat hy met sy voertuig in die straat daar naby verbygery het. Hy was ongeveer die wydte van 'n straat van die toneel af toe hy sien dat twee mans, een wat hy as beskuldigde 2 identifiseer het, na die klaagster gaan. Hy het gesien dat een haar klap sodat sy op die grond val en dat beskuldigde 2 die geldsak uit haar hand gryp. Simon het nadergery en die twee aanvallers het ongeveer 3 meter van sy motor af, in die teenoorgestelde rigting as dié waarin hy gery het, verbygehardloop, in 'n voertuig geklim en weggery. Hy het die registrasienommer van die voertuig geneem en dit later aan die polisie gegee. Toe hy gevra is waarom hy beskuldigde 2 kon identifiseer, maar nie sy maat nie,

het / ........

het Simon geantwoord dat laasgenoemde nie voor die hof is nie, anders sou hy hom uitgeken het. Simon was baie beslis dat appellant nie een van die rowers was nie.

Simon het in sy hoofgetuienis die motor waarin die rowers weggery het, beskryf as 'n Chevrolet met registrasienommer CCM342T. Die aanklaer het hierna aan hom gevra of hy 'n verklaring aan die polise gemaak het, en toe hy bevestigend antwoord, het die aanklaer gesê: "In die verklaring het jy gesê die nommer is CRR, nie CCR nie, wil jy jou verklaring sien, die deel?". Nadat die getuie weereens bevestigend geantwoord het, het die aanklaer sy polisieverklaring aan hom gegee. Hy het na die inhoud gekyk en gesê dat die registrasienommer wat in sy verklaring staan die korrekte een is, naamlik

CRR342T. Hierna het die verdediging om insae in die verklaring aansoek gedoen maar dit is deur die streek=landdros geweier.

Die ondersoekbeampte in die saak, sp-sers Goosen, het getuig dat hy die middag van 1 Junie 1982 die nodige besonderhede t o v die voertuig met registrasie=nommer CRR342T vasgestel het. Gewapen met hierdie inligting het hy om 3 vm op 2 Junie 1982 na die Kagiso-woonbuurt naby Roodepoort gegaan waar hy 'n wit Chevrolet motor, met registrasienommer CRR342T, by 'n huis waar die appellant en sy broer (beskuldigde 3) woon, gekry het. Hy het beskuldigdes 2 en 3 by daardie huis gearresteer, en hulle is toe na 'n ander huis in dieselfde woonbuurt waar die appellant die nag geslaap het. Hy het die appellant

daar / .......

daar arresteer. By die aanklagkantoor het beskuldigde 3 ongeveer R1534 in banknote, sowel as die sleutels van die betrokke voertuig, aan Goosen oorhandig en later dieselfde oggend het beskuldigde 2 aan hom R1380 kontant gegee. Op 'n vraag waar die ander geld is, het beskuldigde 2 geantwoord dat hulle die vorige aand 'n partytjie gehou het.

Volgens wat sy advokaat die Hof a quo meegedeel het, het die Staat en die verdediging by die verhoor ooreengekom dat dit erken sou word dat die wit Chevrolet motor met registrasienommer CRR342T aan die appellant en beskuldigde 3 gesamentlik behoort. Hoewel die verhoorhof nooit gevra is om 'n formele erkenning in hierdie verband te notuleer nie, is die eienaarskap van die voertuig nie betwis nie.

Die appellant en die ander twee beskuldigdes het geeneen getuig of enige getuienis gelei nie.

Soos hierbo uit die opsomming van die getuienis namens die Staat blyk, het slegs een van die drie oog= getuies, naamlik Anna Mnsisi, die appellant as een van haar aanvallers uitgeken. Daarteenoor het Simon Mahlangu uitdruklik en beslis getuig dat die appellant nie op die toneel was nie. In sy uitspraak wys die streeklanddros op hierdie verskil tussen die getuienis van Anna en Simon. Hy aanvaar die getuienis van Simon, wat hy as "ŉ besondere goeie getuie" en "werklik ŉ betroubare getuie" en "deur= gaans seker van sy feite" bestempel. Afgesien van Anna se getuienis is die enigste ander getuienis wat die appellant moontlik met die pleging van die misdaad verbind

die omstandigheidsgetuienis dat hy in die huis woon waar die motor CRR342T dieselfde nag gevind is en die feit dat dit nie betwis is nie dat hy mede-eienaar van hierdie voertuig is. Die streek=landdros verwys ook in sy uitspraak na "die feit dat hy geld aan hierdie beskuldigdes oorhandig het" as een van die faktore wat "hulle" aan die pleging van die misdaad verbind. Dit is glad nie duidelik na welke beskuldigdes die landdros hier verwys nie. Die enigste getuienis waarna die landdros moontlik kan verwys, is dié van Goosen dat beskuldigde 3 aan hom gesê het dat hy die geld en die motorsleutels wat hy aan Goosen oorhandig het, van die appellant gekry het. Hierdie getuienis was egter nie toelaatbaar teen die appellant nie, soos

die landdros self opgemerk het. In die lig van die appellant se versuim om te getuig, het die landdros die omstandigheidsgetuienis teen hom as voldoende beskou om sy skuld bo redelike twyfel te bewys.

Al drie ooggetuies wat namens die Staat getuig het, was dit eens dat daar slegs twee aanvallers op die toneel was. Die streeklanddros bevind dat beskuldigde 2 een van die aanvallers was, en dat die ander een nie die appellant was nie. Die streeklanddros meld nie wat die appellant se aandeel in die pleging van die misdaad was nie. Daar was geen getuienis dat daar 'n derde persoon was wat die motor bestuur het of 'n bydrae van enige ander aard tot die pleging van die misdaad gelewer het nie.

In sy afwysing van die appèl het die Hof a quo 'n ander benadering gevolg as dié van die Verhoorhof. Die Hof a quo sê in sy uitspraak dat die voorkeur wat die streeklanddros aan die getuienis van Simon Mahlangu bo dié van Anna Mnsisi gegee het, nie geregverdig is nie, en dat laasgenoemde se getuienis eintlik te verkies is omdat Anna die appellant se kleredrag noukeurig kon beskryf. Die Hof a quo sê dat, ten beste vir die appellant, "die skaal gelyk gebalanseer is" wat die ooggetuienis t o v identifikasie betref. Die Hof a quo bevind dat twee addisionele faktore, naamlik dat die appellant se voertuig op die toneel was (wat as bewese bevind word) en die appellant se stilswye, voldoende is om sy identifikasie as een van die twee rowers bo

redelike / .....

redelike twyfel te bewys. Die Hof a quo bevind ook dat die streeklanddros korrek was om die verdediging se aansoek om insae in die polisieverklaring te weier.

Ek kan nie met die Hof a quo se siening dat die ooggetuienis t o v die identifikasie van die appellant "gelyk gebalanseer" is, saamstem nie. Die streeklanddros het die getuienis van Simon as meer betroubaar beskou as dié van Anna, en na my mening is daar onvoldoende rede om hierdie bevinding te ignoreer. Die streeklanddros sê in sy uitspraak die volgende oor hierdie aspek:

> "Èen van hulle, sy (Anna) of Simon Mahlangu moet baie beslis 'n fout maak met hul identifikasie van beskuldigde 1 (die appellant). As die hof die getuienis in sy geheel oorweeg, dan kom die hof tot die gevolgtrekking dat dit sy is wat die fout maak met die identifi=

kasie / ........

kasie van beskuldigde 1."

Dit is duidelik uit sy uitspraak dat die streeklanddros besonder beïndruk was met die getuienis van Simon. Verder is daar aspekte van Anna se getuienis wat twyfel wek oor die betroubaarheid van haar identifikasie van die appellant. Ek verwys na die feit dat Anna nie die appellant vantevore geken het nie; dat haar geleentheid om haar aanvaller duidelik te kon gesien het, beperk was; dat sy nie in staat was om enige onderskeidende kenmerke waaraan sy die appellant uitgeken het, te noem nie en dat geen uitkenningsparade gehou is nie, sodat Anna die appellant vir die eerste keer uitgeken het nadat sy hom in die beskuldigdebank gesien het. Simon is nie

gevrá / ......

gevra om die kleredrag van die rowers te beskryf nie. Die feit dat Anna 'n beskrywing van die kleredrag gegee het, beteken dus nie dat haar getuienis daarom bo dié van die appellant te verkies is, soos die Hof _a quo_ gedoen het nie.

Na my mening is dit te betwyfel of enige gewig geheg kan word aan Anna se getuienis oor identifikasie in die lig van die streeklanddros se uitdruklike bevinding dat sy 'n fout gemaak het met haar uitkenning van die appellant, en sy aanvaarding van die getuienis van Simon dat appellant nie op die toneel was nie.

Dit laat slegs die omstandigheidsgetuienis dat die motor waarvan appellant mede-eienaar is, in die

rooftog /.......

rooftog gebruik is (indien ten gunste van die Staat aanvaar word, sonder om dit te beslis, dat daar nie 'n onreëlmatigheid in die verrigtinge was gedurende Simon se getuienis nie, en dat Simon se getuienis gevolglik aanvaar kan word). By die oorweging van hierdie getuienis moet egter in gedagte gehou word dat appellant nie die betrokke aand by die huis was nie, dat die sleutels van die motor in die besit van die mede-eienaar, beskuldigde 3, gevind is en dat die buit by beskuldigdes 2 en 3 gekry is.

Wat betref die gewig wat aan die appellant se stilswye geheg moet word, was daar, na my mening, wel <u>prima facie</u> bewys van sy skuld aan die einde van die

Staatsaak, hoofsaaklik vanweë die direkte getuienis van Anna. Vanweë die weersprekende getuienis van Simon het daar egter twyfel bestaan oor die geloofwaardigheid van hierdie getuienis.

Waar daar direkte getuienis is dat hy die misdaad gepleeg het, versterk 'n beskuldigde se stilswye in die algemeen die Staatsaak teen hom (S v Snyman 1968(2) SA 582(A) op 588 G-H). In die huidige geval, egter, is die Staatsaak grootliks ontsenu deur die streeklanddros se verwerping van Anna se getuienis, met die gevolg dat wanneer al die omstandighede van die saak oorweeg word, insluitende die feit dat die appellant nie getuig het nie, die Staat, na my mening, nie daarin geslaag het om die appellant se skuld bo redelike twyfel te bewys nie.

Die appèl slaag gevolglik. Die appellant se skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel.

W. VIVIER Wnd. AR.

JANSEN Wnd. AR)
Stem saam.
NICHOLAS AR)